Levitikus

"Julle moet heilig wees, want Ek, die Here, is heilig. Ek het julle afgesonder van al die ander volke om my eiendom te wees" (Levitikus 20:26, NLV).

Raamwerk van Levitikus

Die weg na die Heilige Een (hfst. 1-10)

Deur offerande (hfst. 1-7)

Deur priesterskap (hfst. 8-10)

2. Die weg van heiligheid (hfst. 11-27)

Heiligheid vereis reiniging van die liggaam (hfst.11-16)

Heiligheid vereis reiniging van die siel (hfst. 17-27)

Christologiese doel:

1. Christus as die Volmaakte Offer (Lev. 1–7)

Daar is vyf verskillende offers in Levitikus naamlik:

Brandoffer (Lev. 1): Jesus gee Homself volkome aan God as 'n volmaakte offer.

Graanoffer (Lev. 2): Dit wys op Christus se sondelose en volmaakte lewe.

Vrede-offer (Lev. 3): Deur Jesus bring God versoening en vrede met die mens.

Sonde-offer (Lev. 4): Jesus dra die straf vir die mens se sonde

.Skuldoffer (Lev. 5): Christus betaal die volle skuld en herstel wat sonde verbreek het.

2. Christus as die Groot Hoëpriester (Lev. 8–10)

"Ons het dan nou 'n groot Hoofpriester wat deur die hemele beweeg het, Jesus die Seun van God. Laat ons voortdurend aan ons geloofsbelydenis aangaande hierdie Jesus vashou. Hierdie Hoofpriester van ons kan ten volle met ons in ons swakhede saamvoel, want Hy is in elke opsig op dieselfde manier as ons versoek, maar Hy het nie voor die sonde geswig nie" (Heb. 4:14–16).

3.Die Feeste van Levitikus 23 as Christologiese Vooruitwysings

Christologiese doel

Levitikus is nie ’n losstaande wetboek nie, maar ’n tipologiese openbaring wat sy vervulling in Jesus Christus vind.

- Die offers,
- reinigingswette,
- priesterskap
- en feeste

(Kol. 2:16–17) - 16Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, 17wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.

1. Christus as die vervulling van Levitikus

Levitikus 17:11:“ ...want die lewe van enige dier is in sy bloed. Ek het vir julle die bloed gegee om daarmee versoening te doen vir julle sondes. Bloed verteenwoordig lewe en dit bring versoening” (NLV).

Hier word ’n fundamentele beginsel gevestig:

- bloed verteenwoordig lewe.
- Omdat sonde die dood verdien, moet lewe gegee word om versoening te bewerk.
- Die bloed simboliseer dus nie bloot ’n rituele handeling nie, maar die oorgawe van lewe in die plek van die sondaar.

Die Nuwe Testament bevestig hierdie beginsel eksplisiet: “volgens die wet feitlik alles met bloed gereinig word. Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis van sonde plaas nie” (Heb. 9:22).

2. Christus as die Groot Hoëpriester (Lev. 8–10)

3. Die Feeste van Levitikus 23 as Christologiese Vooruitwysings

I. Die Sabbat – Rus in God - Levitikus 23:3

II. Pasga (Pesach) – Verlossing deur die bloed- Levitikus 23:5;

III. Fees van Ongesuurde Brood (Chag HaMatzot) – Heiliging, deur die verwydering van sonde- Levitikus 23:6–8

1 Korintiërs 5:7–8 (AOV): "Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid." Deur Christus se offer word gelowiges geroep om 'n nuwe lewe van heiligheid te leef (1 Kor. 5:6–8).

IV. Fees van die Eerstelinge (Yom HaBikkurim) – Oorwinning oor die dood - Levitikus 23:9–14

- 1 Korintiërs 15:23 (NLV): "Christus was die eerste Een; daarna, wanneer Christus terugkom, sal al sy mense opgewek word."

V. Pinkster- Fees van Weke (Shavuot) – Nuwe krag en oes - Levitikus 23:15–22

VI. Fees van Basuine (Yom Teruah) – Oproep tot bekering -Levitikus 23:23–25

- By Yom Teruah word die volk dus herinner dat God Koning is en dat hulle hul lewens voor Hom moet regmaak. Yom Teruah fokus nie op feeste of offers nie, maar op luister — luister na God se stem, luister na die oproep tot bekering en om bewus te word van God se heiligheid.

VII. Groot Versoendag (Yom Kippur)– Volmaakte versoening- Levitikus 23:26–32

In die Nuwe Testament word Yom Kippur ten volle in Jesus Christus vervul.

- "'Omdat God dit so wou hê, is ons geheilig deur Jesus se liggaam wat eens en vir altyd vir ons geoffer is" (Heb. 10:10, NLV).

Die Sewe Kruiswoorde en die Groot Versoendag

1. “Vader, vergeef hulle…” (Luk. 23:34). Die Hoëpriester bid vir die volk. Soos op Yom Kippur tree Hy intreeënd op vir sondiges.

2. “Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.” (Luk. 23:43). Versoening bring onmiddellike toegang tot God se teenwoordigheid.

3. “Vrou, daar is u seun…” (Joh. 19:26–27). ’n Nuwe verbondsgemeenskap word gevorm—’n versoende familie.

4. “My God, My God, waarom het U My verlaat?” (Matt. 27:46). Die sondedraer ervaar die verlatenheid wat ons sonde verdien. Hier word Hy die ware sondebok wat buite die kamp ly (vgl. Heb. 13:12).

5. “Ek is dors.” (Joh. 19:28). Die volle menslike lyding van die Offer. Die prys van versoening is werklik en konkreet.

6. “Dit is volbring.” (Joh. 19:30). Die finale verklaring dat die versoeningswerk afgehandel is. Geen verdere offer is nodig nie.

7. “Vader, in U hande gee Ek My gees oor” (Luk. 23:46). Die Hoëpriester voltooi sy taak en vertrou Homself aan die Vader toe.

## VIII. Huttefees of Loofhuttefees (Sukkōt) – God woon by sy volk- Levitikus 23:33–44

“Moet dus nie toelaat dat enigiemand julle veroordeel oor wat julle eet of drink, of oor die vier van sekere feesdae of die Nuwemaanfees of Sabbatte nie. Al hierdie dinge is net ’n skaduwee van wat sou kom. Die ware werklikheid is Christus!” (Kol. 2:16–17, NLV).

Hierdie feeste leer die kerk vandag dat God se plan doelgerig, volledig en Christus-gesentreerd is—van begin tot einde.